



40 Dae met persoonlike oordenkings:

Die 40 dae proses in die gemeente is ook 'n geleentheid vir jou op persoonlike vlak om 'n eenvoudige ritme met God te skep om meer intensioneel te leef. Neem elke dag 10 minute en gaan rustig deur die volgende bewegings met die week se teks in gedagte. Die gelykenisse wil ons help om te beweeg van “dink” na “doen”. Een idee is om vir jou 'n notaboekie, joernaal of net notes op jou foon te gebruik om elke dag 'n paar notas te maak.

3 bewegings:

1. Kom tot rus;



2. Dink;



3. Reageer





Maandag 4 September 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Word net 'n paar oomblikke stil, maak toe jou oë en maak jou asemhaling stadiger en herhaal die volgende woorde in jou gedagtes: "Here ek kom rus in U teenwoordigheid".

Dink:

Luk 12:15



"....pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid....."

Dink aan waar jy dalk te vas is aan jou besittings en onnodig besittings bymekaarmaak?

Reageer:



Praat met God oor dit wat op jou hart is na jy die teks gelees en bedink het.



Dinsdag 5 September 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Word net 'n paar oomblikke stil, maak toe jou oë en maak jou asemhaling stadiger en herhaal die volgende woorde in jou gedagtes: "Here ek kom rus in U teenwoordigheid".

Dink:



Luk 12:15

"...want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorfloed van sy besittings nie."

Dink oor hoe jy meer afhanklik van God kan leef en skryf 'n paar gedagtes daaroor neer.



Reageer:

Gaan kies om iets kleins van jou vir iemand anders te gaan gee.



Woensdag 6 September 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Word net 'n paar oomblikke stil, maak toe jou oë en maak jou asemhaling stadiger en herhaal die volgende woorde in jou gedagtes: "Here ek kom rus in U teenwoordigheid".

Dink:



Luk 12:20 (b)

"Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?"

Ons maak soms vir belangrike redes besittings en sekuriteit bymekaar – daar is nie daarmee fout nie. Die belangrike vraag is net vir wie jy dit doen?"



Reageer:

Kies weer om dit wat jy doen en bymekaarmaak nie net vir jouself te doen nie.



Donderdag 7 September 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Word net 'n paar oomblikke stil, maak toe jou oë en maak jou asemhaling stadiger en herhaal die volgende woorde in jou gedagtes: "Here ek kom rus in U teenwoordigheid".

Dink:



Lukas 12:17-19

¹⁷Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaan nie. ¹⁸Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaan. ¹⁹Dan sal ek vir myself sê: 'Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.'

Die ryk dwaas het gesukkel om sy situasie met God te bely. Dink vir 'n oomblik waar jy soms sukkel om jou lewe en jou prioriteite met God te bely?



Reageer:

Bid die volgende gebed: "Help my om my lewe met U te bely, elke oomblik van elke dag."



Vrydag 8 September 2023:

Kom tot rus:



Kom tot rus in God se teenwoordigheid. Word net 'n paar oomblikke stil, maak toe jou oë en maak jou asemhaling stadiger en herhaal die volgende woorde in jou gedagtes: "Here ek kom rus in U teenwoordigheid".

Dink: Lees weer die hele gelykenis *Lukas 12:13-21*



Dink oor hoe jy bepaal wat "genoeg" is in jou lewe en maak 'n paar notas.

Reageer:



Maak 'n "commitment" aan die Here oor waarheen hierdie gelykenis jou beweeg en gaan deel dit met iemand naby jou.
